


DIE GODSDIENS AS ILLUSIE  
VOLGENS FREUD

R E D E

BY DIE AANVAARDING VAN DIE  
PROFESSORAAT IN GODSDIENSWETENSKAP  
GEHOU OP VRYDAG 5 APRIL, 1935.

deur

G. M. PELLISSIER, B.A., B.D.



PRETORIA.

1937

DIE GODSDIENS AS ILLUSIE  
VOLGENS FREUD

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT  
VAN PRETORIA.

---

*Reeks IV: Intreeredes No. 8*

DIE GODSDIENS AS ILLUSIE  
VOLGENS FREUD

R E D E

BY DIE AANVAARDING VAN DIE  
PROFESSORAAT IN GODSDIENSWETENSKAP  
GEHOU OP VRYDAG 5 APRIL, 1935.

deur

G. M. PELLISSIER, B.A., B.D.



PRETORIA.

1937

Die opkoms van die nuwere rigtinge in die psigologie, veral in die laaste paar decennië, is met belangstelling en verwagting begroet, ook deur die wat die godsdiens beoefen. Hulle tog het die stille hoop gekoester dat by die nader en wetenskaplike studie van die verskynsels van die „religieuse bewussyn” dit duidelik en onteenseglik sal blyk dat die transendente in die godsdiens aanwesig is. Hulle stille opvatting was seker, dat in die stroom van die godsdienstige bewussyn daar sal blyk te wees hiate, of miskien storende en onverklaarbare elemente wat vanself sal heenwys na ’n ander faktor wat van buiteaf ingewerk het.

Die uitkoms, insover ons resultate in hierdie kort tyd kan verwag, is vir die wat iets biesonders verwag het van die wetenskap as wetenskap op hierdie gebied, teleurstellend ge-wees. Die psigologie wys ook op hierdie gebied uit dat God ’n God van orde is, en dat ook die verskynsels van die „religieuse bewussyn” onderhewig is aan al die wetmatigheid waaraan al die ander verskynsels van die menslike bewussyn gebonde is.

Uit hierdie bevinding het godsdienspsigoloë van die linkervleuel, as ons hulle so mag noem, tot die gevolgtrekking gekom dat die transendente in die godsdiens glad nie bestaan nie en dat met sulke gegewens as neurose, suggestie en auto-suggestie, sublimasie, outohipnose en benede-bewussyn as ook ander, alle godsdienstige verskynsels, ook die uitstaande soos in die geval van bekering en in die mistiek, op ’n natuurlike wyse en voldoende bevredigend verklaar kan word. Die transendente dan hoef nie as verklarende faktor in aanmerking te kom nie. Dit was te voorsien. Aan die ander kant weer verklaar ’n uitstaande beoefenaar van die godsdienspsigologie, t.w. J. B. Pratt van Amerika, wat nie juis tot die regtervleuel behoer nie: „nothing that the psychology of religion can say should prevent the religious man, who wishes to be perfectly loyal to logic and to truth, from seeing in his

own spiritual experiences the genuine influence of a living God" (*Religious Consciousness*, pp. 457 en 458).

Hierdie skynbaar-negatiewe uitkoms is egter nie al wat ons hier mag konstateer op die gebied van positiewe resultate nie. Daar is gemeenskaplike insigte gebore wat, as hulle algemeen geldig en normatief mag word, van buitengewone belang is vir die beoefening van die godsdiens-psigologie. Hulle sal seer seker daartoe bydra om die godsdiens as iets *sui generis* tot sy reg op die gebied van die psigologie te laat kom.

Prof. Dr. Ph. Kohnstamm gee in sy *Modern-Psychologische Opvattingen Omtrent Godsdienst en Religie*, die volgende as hoofresultate op die gebied van godsdiens van die nuwere psigologie aan: i. „Het totaliteitskarakter van de hoogere geestelijke toestanden,” d.w.s. „Het geheel is opgebouwd uit deelen, maar het is rijker en meer gedifferentieerd dan die deelen: het bezit soorten van „eigenschappen,” die aan de deelen niet toekomen: in den opbouw van het geheel ontstaat iets wezenlijk *nieuws*, dat men uit de beschouwing der geïsoleerde deelen niet kan leeren kennen. Juist op deze erkenning van het *nieuwe* ligt die nadruk...” (P. 21).

Dit is van uiterste belang as ons weet dat die uitgangspunt in die begin was „the genetic one that religious manifestations, like all other human ones, must have developed out of simpler, and ultimately non-religious, forms of mental life” (uit ’n voorlesing van Ernest Jones, M.D., vir die Eighth International Congress of Psychology en aangehaal deur Dr. Kohnstamm in *The International Review of Missions*, 1930).

Die nuwe insig is dus dat ’n komplekse veelheid nie kan herlei word „tot elementêre gewaarwordinge of gevoelens” nie. By die poging tot herleiding raak ’n mens die draad kwyt en bly staan met dooie reste in die hand—die oorblyfsels van ’n liggaam wat deur ontleding tot reste van ’n lyk verbrokkel is.

ii. Die sentrale posisie van die persoonlike relasie, d.w.s. die ek-U verhouding in die godsdiens. „Wy kunnen op grond van psychologisch-phenomenologisch onderzoek gemakkelijk constateeren, dat geloof of godsdienst altyd op een Gij gericht is . . .” (p. 39). Kohnstamm erken egter ook volmondig dat

die „geldigheidsquaestie” van die „Gij” nie deur die psigologie kan uitgemaak word nie.

iii. Die eis wat byna as vanselfsprekend kan beskou word: „Wie een gegeven verskynsel beskrywen wil, dien moet het gegeven zijn” (p. 31) d.w.s. daar moet by so iemand tenminste „meebeleving” wees.

Hierdie insigte ontvang ons dankbaar. Hulle is in elk geval stappe in die regte rigting vir die billike behandeling, om nie te spreek nie van korrekte wetenskaplike behandeling van godsdienstige verskynsels.

Dr. Kohnstamm maak egter verder ook nog melding van „krasse staaltjies” wat die diepte-psigologie uitgehaal het in verband met die religie. Tot een van die krasse staaltjies kan ons seer seker reken, wat Freud op gebied van die godsdiens ter verklaring daarvan aangebied het. Hy ook het gemeen om iets te moet bydra tot die godsdiens-psigologie en uitgaande van sy oer-prinsiep, die *libido* of die lus, het hy probeer om in sy boek *Die Zukunft einer Illusion* en ook hier en daar in ander geskrifte, ’n psigo-analitiese onderbou te gee aan ’n opvatting wat reeds deur Feuerbach in 1845 in sy *Das Wesen der Religion* gedebiteer was, nl. dat die godsgedagte niks anders is dan ’n wensvervulling. Volgens hierdie beskouing is teologie niks anders as psigologie en filosofie niks anders as antropologie nie. Die netto resultaat van sulks ’n opvatting is dat alle objektiwiteit aan die godsdiens ontnem word en die waarheidsgeldigheid sodoende verlore gaan.

Freud vrees dat hy sal geblameer word as hy aan sulks ’n opvatting sy steun verleen en nog meer dat sy metode, die psigo-analitiese, veral daardeur die skuld sal moet dra; alhoewel dit nie billik sal wees nie, meen hy, want die metode is maar ’n instrument om daarmee die werklikheid te probeer benader.

Freud se opvatting is vir ons van belang, want in die eerste plek is hy ’n figuur van internasionale vermaardheid; ten tweede is daar psigoloë wat stellig meen dat Freud die grond vir alle godsdiens ondermyn het; ten derde word sy geskrifte en veral hierdie *Die Zukunft einer Illusion* gebruik om op populêre wyse propaganda vir die ongeloof te maak; en ten vierde, en dit is vir ons doel veral van belang, daar is

konsentriese beweginge van verskillende kante wat daarop uit is om aan te toon dat godsdiens bloot subjektief is, en dat die godsgedagte, daaraan sentraal, hoe verdienstelik ook in die verlede vir die mens, en hoe nuttig ook nou nog en miskien nog vir 'n lang tyd, ontbloot is van alle realiteitswaarde. Ek denk hier in besonder aan beweginge soos die Franse skool van sosiologie en met name Durkheim, wat die godsdiens in sosiologie laat opgaan; verteenwoordigers van die linkervleuel van godsdienspsigoloë, soos Coe en Leuba, wat godsdiens in psigologisme laat opgaan; Marx weer met sy historiese materialisme wat godsdiens beskou as 'n uitvloeiing van ekonomiese toestande en hier eindelijk Freud met sy psigo-analitiese onderbou vir die godsgedagte, wat dit eweneens op iets bloot subjektiefs d.w.s 'n illusie laat uitloop. Hierdie rigtinge moet ontmoet word en die eerste trefpunt is al dadelik die gods-gedagte wat hulle huidig. 'n Gods-gedagte tog is sentraal, want dit bepaal en dra die godsdiens. Daarom moet hy in die eerste instansie tenminste validiteitswaarde besit. Hy moet naamlik 'n ware godsbeeld wees. So nie dan is hy van meet af 'n illusie as godsbeeld en kan allermins objektiewe validiteitswaarde besit. 'n Gods-gedagte word of is 'n gods-beeld as die essensiële daarin gedra of gevind word.

Met u verlot wil ek graag met die oog ook op kennis in aangrensende terreine, gaan beskou en sien of dit nou wel 'n ware godsbeeld is wat Freud ons tenbeste gee, veral in sy *Die Zukunft einer Illusion* en 'n paar van sy ander geskrifte.

Ek gee in vertaling 'n paar ekstrakte om ons op die hoogte te bring van sy opvattinge:—

i. „Laat ons ons verplaas in die sielelewe van die klein kind . . . . Die libido volg die weë van narcistiese behoeftes en heg sig aan die voorwerpe wat sy bevrediging verseker. So word die moeder wat die honger bevredig, tot eerste voorwerp van liefde en seer seker ook tot beskermster teen al die onbestemde gevare wat in die buitewêreld dreig—tot die eerste beskermster teen angs, kan ons sê. In hierdie funksie word die moeder weldra deur die vader afgelos, en hy bly dit vervul gedurende die hele kindsheid. Die verhouding tot die vader egter is met 'n eenaardige ambivalensie gelade. Hy was self 'n gevaar, miskien van weë die vroeëre verhouding



tot die moeder. So vrees die kind hom nie minder as wat hy na hom verlang en hom bewonder nie. Die kentekens van hierdie ambivalensie in die verhouding tot die vader is op alle godsdienste diep afgedruk . . . . As die kind nou opgroei en bemerk, dat dit sy lot is om altyd kind te bly, dat hy die beskerming teen vreemde oormagte nie kan ontbeer nie, dan beklee hy hulle met die trekke van die vaderbeeld; hy skep vir hom gode, wat hy vrees, wat hy wil win en aan wie hy niettemin wil opdra om hom te beskerm. So is dan die dryfveer van die vader-verlange een met die van die behoefte aan beskerming teen die gevolge van menslike onmag" (*Die Zukunft einer Illusion*, 1928. p. 36, 37).

2. „As ons ons na hierdie oriëntering weer na die godsdienstige leerstukke wend, dan kan ons nogeens sê: hulle is almal illusies, nie vatbaar vir bewys nie, en niemand kan gedwing word hulle vir waarheid te hou en aan hulle te glo nie." (Op. cit. p. 50).

3. Hierdie insigte bevestig Freud in ander geskrifte: „The ordinary man cannot imagine this Providence in any other form but that of a greatly exalted father, for only such a one could understand the need of the sons of men, or be softened by their prayers and placated by the signs of their remorse." (*Civilization and Its Discontents*, Authorised Translation by Joan Riviere p. 23).

4. „But he has long ago realized that his father is a being with strictly limited powers, and by no means endowed with every desirable attribute. He therefore looks back to the memory-image of the overrated father of his childhood, exalts it into a Deity, and brings it into the present and into reality. The emotional strength of this memory-image and the lasting nature of his need of protection are the two supports of his belief in God." (*New. Introd. Lectures*, Authorised Translation by W. J. H. Spratt, p. 209).

Hierdie sitate is genoeg en ons kan nou Freud se oortuiging omtrent die totstandkoming van die godsgedagte in die volgende stelling saamvat:

1. die godsgedagte is 'n verheerlikte vaderbeeld;
2. dit is gefatsoeneer na die beeld van die aardse vader:

3. die drang tot daarstelling van hierdie vader-beeld vind ons in die emosies wat kleef aan die herinneringe aan die aardse vader en aan die behoefte aan beskerming.
4. hierdie godsgedagte is dus niks anders as 'n skepping van die mens na sy eie begeertes d.w.s. 'n wensvervulling nie;
5. hierdie wensvervulling word hoofsaaklik bepaal deur die libido;
6. hierdie godsgedagte is dus 'n illusie en sonder objektiewe geldigheid.

Freud se sielkundige gegewens wil ons nie hier vandag in twyfel trek nie. Dit kan ons gerus oorlaat aan die tyd wat alles toets en ook hier sal uitwys wat van blywende waarde is. Daar is tog 'n gedurige wrywing van geeste ook op die gebied van die diepte-psigologie en daar is ook ander groot figure soos Jung, Adler en ander wat ook hierdie dinge in besinning geneem het en nog neem. Al twee genoemde name was volgelingen van Freud en die laasgenoemde veral staan skerp gekant teen sy ou meester op meer as een punt. Al twee het ook ander opvattinge van die libido. Vir Freud beteken libido die vleeslike lus in die mens, maar dit so breed opgevat dat dit verskynsels soos liefde en vriendskap insluit. My dink 'n prinsiep so breed opgevat is nie meer 'n prinsiep nie, want liefde op sigself is nie meer eenvoudig maar 'n komplekse verskynsel. By Jung is die libido lewensdrang, 'n soort van *élan vital*, wat meer respektabel klink, en by Adler die drang na mag.

Ons kritiek van Freud se konstruksie van die ontstaan van die godsgedagte sal meer in die algemeen wees, vanuit die standpunt van die godsdienswetenskap. As Freud se insigte juis is dan moet hulle inpas met *vasstaande resultate op ander aanverwante terreine*.

1. Freud sê dat die godsgedagte en daarmee die hele godsdiens 'n illusie is omdat dit 'n wensvervulling is. „Ons sê vir onself: sou dit tog nie baie mooi wees nie as daar 'n god was as wêreldskepper en as 'n goeie voorsienigheid en 'n sedelike wêreldorde en 'n lewe hiernamaals? Maar dit is tog seer opvallend, dat dit alles juis so is as wat ons dit vir ons moet wens” (*Die Zukunft einer Illusion*, p. 53).

Hy vind dit 'n rede temeer om te dink dat godsdiens illusie is, juis omdat dit so presies 'n wensvervulling is. Ons kan maar dadelik toestem dat die godsdiens 'n wensvervulling is. Net die woord „wens” klink oppervlakkig en grillig. Laat ons liever sê „behoeftevervulling.” Hy sal natuurlik ontken dat daar opening is vir die woord „behoefte,” maar die saak gaan te diep dan dat die woordjie „wens” die verskynsel kan dek. Die volkekunde wys duidelik uit (J. H. F. Kohlbrugge, *'s Menschen Religie*, p. 128), dat daar g'n enkel volk is sonder godsdiens nie. Dit wys heen nie net na 'n wens, maar na 'n diepsetelende behoefte waarin deur die godsgedagte en so deur die godsdiens vervulling geskied is en nog geskied. Dis 'n imponerende verskynsel dat die mensheid so'n konstant-blywende behoefte oor duisende van jare vanaf die primitiewe stadium af tot in die moderne tyd geopenbaar het, en nog meer dat in die godsdiens die standhoudende vervulling gevind is. Dit wys heen, so lyk dit, nie net na die nawerking van vader-herinneringe, maar na die noodsaaklike werking van iets wat nie alleen meegee is met die menslike natuur nie, maar sig in weerwil van alles tog laat geld het. Ons hoef dus nie rusie te maak met sy uitdrukking nie, mits ons onthou dat die saak veel dieper gaan as net 'n wens wat vervul word.

2. Dan nog, Freud verklaar die vaderbeeld as gebore uit vaderheimwee, of anders uitgedruk, die sterk emosie wat nog klewe aan die vaderherinneringe aan die een kant, en 'n gevoel van behoefte aan beskerming teenoor 'n magtige natuur aan die ander kant. Die eerste beweging egter tot die daarstelling van hierdie verheerlikte vaderbeeld is uitgegaan van die afhanklikheidsgevoel van die mens, en dit wel teenoor 'n omgewing wat vir hom te magtig is.

Die wensvervulling dus kom voort uit tweërlei: die afhanklikheidsgevoel wat die drang verskaf en die vaderherinneringe sterk deurtrek met die emosies van liefdeverlange en vrees (ambivalensie) wat die boustene verskaf.

Ons het dus 'n konstruksie analoog aan die van die kindjare toe die aardse vader 'n voorwerp was van liefde en vrees en meteen ook voorsien het aan die behoefte aan beskerming teenoor 'n omgewing wat vir die kind te sterk is.

Hier is dus voorsiening (in die vorm van wensvervul-

ling) aan twee behoeftes en al twee kom volgens Freud voort uit die libido.

Vir hom tog is die libido die oerprinsiep waaruit deur afsplitsing al die ander instinkte gaandeweg ontstaan het. Hierdie standpunt egter het hy tot op datum nog nie goed kon maak nie. Vooraanstaande psigoloë soos o.a. William McDougall aanvaar beslis die bestaan van 'n aantal (hieroor verskil hulle onderling) onafhanklike instinkte as aanvangs-toerusting van die mens.

By nader ondersoek sal dus blyk dat hier wensvervulling is van seer seker meer as twee behoeftes en ook dat meer as twee momente by die daarstelling van die vaderbeeld as godsbeeld in werking was.

Ek noem slegs, in die voorbygaan, ek kom daar later by, die idealiserende drang wat by die kind gewerk het in sy vroeë jare en nou as hy eenmaal opgegroeï het, weer sig laat gelde.

Hierdie vader-surrogaat kom dus tegemoet nie net aan hierdie twee genoemde behoeftes nie, want met hulle is saamgestrengel nog heelwat ander primêre en eweneens diepgaande behoeftes. Ek noem 'n paar:—

1. die instink van selfbehoud wat gryp na die daargestelde vaderbeeld;
2. die drang tot selfvernedering wat volgens McDougall (*An Outline of Psychology*, p. 158) wel 'n instink is;
3. die instink tot vrees (die instink word hier genoem na die emosie wat daarmee gepaard gaan) in die eerste instansie was vrees aanwesig teenoor die aardse vader en word nou ook voorsiening daarvoor gemaak in die godsbeeld;
4. die drang tot idealisering (bogenoem) wat nou sy uiteindelijke ruspunt in die verheerlikte vaderbeeld vind.

Hierdie vier, tesame met die twee reeds onder pt. 2 genoem, gee 'n taamlike breë basis vir wensvervulling. Die godsgedagte dus lê beslag op 'n heel aantal ingeskape behoeftes.

Godsdiens dus as opgebou rondom 'n godsgedagte, skyn heen te wys na iets waarvoor die mens gemaak is en ook na iets wat vir die mens gemaak is. Met dit in die gedagte skyn

die bewering van Freud dat godsdiens bloot illusie is, minder oortuigend.

Daar word oor Freud gekla dat hy, in sy sug om alles in sy verklarings tot een prinsiep te herlei, ander faktore in die psige aanwesig, óf negeer óf onderskat. Dit lyk billike kritiek te wees, want hy sê: die kind idealiseer die ouer en dit is juis kragtens hierdie vermoë dat hy as volwassene in staat is sy verheerlikte vaderbeeld daar te stel. Die libido tog is blind en kan uit sigself niks skep nie en tog idealiseer die kind—eers die moeder en dan die vader. Dis juis hierdie faktor wat hy onderskat en nie primêr maak nie (*Beyond the Pleasure Principle*, Authorized Translation by C. J. M. Hubbach, p. 52).

Waarom idealiseer die kind? Waarom kan hy idealiseer? Waarom is daar die drang om te wil idealiseer? Vir Freud is die strewe na perfeksie die vrug van gefnuikte libido wat steeds strewe na beter en voller vervulling van sy drang en so al woelend 'n opwaartse beweging tot stand bring. Dis egter baie duidelik dat in die proses van idealisering daar nog 'n ander instansie in werking is behalwe die impuls van die libido wat blind is. Dis blykbaar 'n vermoë wat wakker geroep word en met die psige meegegee is.

In verband met hierdie idealiserende drang konstateer Maeder van die skool van Zurich, 'n bekende psigoterapeut en volgeling van Jung, wat kragtens die drang van sy ondervinding die bloot deterministiese standpunt laat vaar het vir een wat beter die feite kan verklaar: dat daar in die psige van die mens regulasie is. Hy onderskei drie sulke regulasies, nl. die instandhoudende regulasie, die herstellende regulasie en die rigtinggewende regulasie. Hierdie drie aktiwiteite is fundamenteel aan die psige. Die belangrikste egter is die rigtinggewende wat hom openbaar as die drang tot idealisering en hierdie drang het sy wortel in wat hy noem die „Oerbeeld” van die psige. „Het oerbeeld,” ek haal hom aan „zou dus de instantie kunnen zijn vanwaar uit de individuele leiding gegeven wordt. De idealisering van de voorbeelden en de geesdriftige drang naar onderwerping is dus voorgevoel van deze goddelijke leiding, die in de zuiver menselijke verhouding zichtbaar wordt. Wat de opgroeiende mensch in

de vervoering schouwde in het instinctief gekozen mensche-  
lijk voorbeeld was dus meer dan het voorbeeld zelf: hij zag  
er iets in, dat hij erin gelegd had. Bij nauwkeuriger toezien  
ziet men in, dat een zeker onbewust plan bij dit zoeken der  
voorbeelden aanwezig zijn moet, en dat in verschillende étap-  
pen een toenadering tot het innerlijke beeld, tot dit oerbeeld  
(ideaal), dat begint te glanzen, in den loop van het reces  
heeft plaats gehad.....De idealisering van de voorbeelden  
leert ons begripen, dat de jonge mensch uit zijn empirisch  
wezen zijn hooger eeuwig wezen zoekt, dat *à priori* as oer-  
beeld aanwezig is. Dit laatste begint door middel van de  
teleologische functie de ontwikkeling en leidt haar. Ik per-  
soonlik geloof, dat het oerbeeld onmiddellijk uit de Scheppers-  
hand van God, uit een scheidende daad ontstaan is, en den  
empirischen mensch als vitale impulsie en leidende beeld  
dient" (Maeder, *De Nieuwe Zielkunde en het Godsdienstig  
Leven*, Vertaal deur Dr. H. Kraemer en M. J. A. van Wessem,  
pp. 133, 134).

Ek siteer hier tot bevestiging die woord van die groot  
figuur op godsdienwetenskaplik gebied, t.w. C. P. Tiele: „de  
religie zetelt in het diepst van 't menschen gemoed en is de  
idealiseering zijner geheele persoonlikheid" (*Hoofdtrekken der  
Godsdienwetenschap*, p. 125) Ook die hele godsdienstgeskie-  
denis kan tot getuie ingeroep word om te bevestig die belang-  
rikheid van hierdie rigtinggewende regulasie van die mense-  
like gees. Van uit die natuurvolke tot op sy hoogste punt in  
die etiese monoteïsme het hierdie regulasie hom stadig maar  
seker laat gelde.

Dit is hierdie uiters belangrike funksie van die psige wat  
Freud subordineer aan die belangrikheid van sy oerprinsiep.

Maeder het die saak dus dieper ingesien as Freud. By  
Freud is die lusprinsiep primêr en die idealisering sekondêr.  
By Maeder weer anders om: primêr die idealiserende tendens  
gefondeer in die psige en die lusprinsiep sekondêr.

3. 'n Derde stukkie kritiek oor Freud se voorstelling  
van die ontstaan van die Godsbegrip is dat hy nie genoeg  
waarde aan die invloed van tradisie in die godsdienst heg nie.  
Die is tog materieel van oorweënde belang as faktor. Vol-  
gens Pratt, in sy bekende boek „The Religious Conscious-

ness," is daar drie faktors wat meewerk in die vorming van die kind se idee van God, (i) die direkte invloed van die ouer mense; (ii) direkte onderwys in die godsdiens en (iii) die natuurlike ontwikkeling van die kind. „The most significance is assigned to the first factor because here the powerful law of imitation or ideo-motor action operates. The child is interested in people, observes what they do, imitates their actions, and so comes to indirectly share in their mental attitude and feelings. Pratt draws the pedagogical inference that wherever children are growing up, the outward expression of religion is simply not to be replaced by anything else" (Uren, *Recent Religious Psychology*, p. 235). Vergelyk hiermee die volgende gesegde van Fritz Künkel in *De Religieuze Opvoeding van het Gezin en het Ongeloof*, vertaal deur A. L. Boeser p. 32): „Godsdienstig opvoeden wil zeggen: godsdienstig leven; al het andere komt vanzelf." Die tweede faktor hierbo genoem gee die kind sy idees omtrent God en godsdiens, idees wat later deur ondervinding, die derde faktor, óf bevestig óf gewysig word.

Die derde faktor is volgens Pratt, in die vorming van die teologie van die kind, die kind se eie ontwikkeling; „Very soon the child's problems cannot be solved in terms of father, mother or the social circle; dependence on parents is no longer felt as ultimate, and there is a sense of a farther Power beyond on which they too with him depend" (Op. cit p. 235.)

Dr. R. R. Marett in sy belangrike werk *The Threshold of Religion* stel dit so: „would not the child acquire the religion of its adopted home, of the society that rears and educates it? Even when full allowance is made for the fact that the child reacts on its education in individual fashion, can there be the slightest shadow of a doubt that the supreme determining influence must rest with the social factor?"

Freud maak ook wel veel van die omgewing, maar dit is by hom sekondêr; wat deurslag gee is die libido wat deur idealisering omhoog werk. Vader is net die model waaraan die libido hom in die tweede instansie heg. Dis duidelik dat die kind sy godsidee en sy godsdiens erf in die huis van sy ouers. Dat die ouers invloed uitoefen is onteenseglik en dat dit van die vroegste jare af parallel loop met sy liefde tot en

verering van die ouer. Die idealisering van die ouer reageer natuurlik op die invulling en betekenis vir die lewe van sy godsidee. Later, veral in die jare van adolessensie, word wat uiterlik is by baie verinnerlik en opgeneem as deel van die ideale-ek. Die kind wat die ouer lief het en eer, sal seker later in sy lewe sy God beter kan liefhê en dien.

4. 'n Ander faktor wat Freud totaal misken en buite rekening laat, is die godsdienstige ervaring van die kind. Vir hom is die godsgedagte 'n transendente idee wat verryk is met al wat ons in 'n God sou verlang. Ons knoop daaraan alle verwagting, dit troos in die sware ongelyke stryd van die lewe en gee ook, by wyse van kompensasie, uitsig op 'n ewig lewe. Dit vind hy vreemd en juis daarom grond vir agterdog dat die godsdiens juis die diepste behoeftes so tegemoet kan kom. Die feit dat dit 'n wensvervulling is maak dit vir hom destemeer tot 'n illusie.

Hy skyn nie iets te wil weet van godsdienstige ervaring nie. Vir hom is godsdiens 'n neurose wat allengs in die geskiedenis van die mensheid vergroei sal word.

Dis die deugd van die Duitse skool van godsdienspsigologie, dat hulle onder baie meer ook gekonstateer het (i) die godsdienstige ervaring as 'n feit; (ii) die eiesoortigheid van die religieuse ervaring en (iii) deurgedring het, ook deur eksperimentele metodes, tot die diepste lae in die godsdienstige ondervinding en daar gekonstateer het (ek noem hier Wobbermin en Girgensohn verteenwoordigende twee aparte rigtinge en albei uitstaande figure). Hulle konstateer in hierdie diepste lae twee dinge: (a) die intuïsie-gedagtes wat onderskei moet word van die gewone gedagtes van die diskursiewe redenering en gekarakteriseer word as „emosionele denke” en (b) die ek-funksies van die psige. Deur die ek-funksies word verstaan die hoogste werkzaamheid van die ek in die godsdienstige ervaring soos b.v. (i) die opneem van 'n nuwe godsdienstige gedagte en dit sy eie maak, (ii) die opgaan van die ek in die objek soos in die mistiek en (iii) die oorgawe van die ek aan die objek soos by die liefde en die gemeenskap met God die geval is (Dr. K. J. Cremer, *De Duitse Godsdienstpsychologie*, pp. 242 en 243). Hierdie vaste resultate wat die godsdiens as 'n besonder eiesoortige erva-



ring in die lewe laat ken, en wat nie deur analise en blote wetmatigheid kan verklaar word nie, laat Freud eenvoudig links. Vir sy godsgedagte kom hulle glad nie in aanmerking nie.

Die geskiedenis in verband met die godsdiens onder kinders wys aan dat hulle baie vroeg vatbaar is vir religieuse ervaring. Wesley in sy Joernaal maak melding van 'n kind van vier jaar wat 'n kragtige ervaring ondergaan het van 'n standhoudende aard. Ook betuig hierdie bekende bekeringsprediker: „You cannot catch them too young!” Godsdienpsigoloë wat statistiek in verband met bekering versamel het, soos Starbuck, Hall, Hammond, „show a sharp rise in the number at or about the eleventh year” (Dorothy Wilson, *Child Psychology and Religious Education*, p. 120).

Parallel met die liefde tot en die verering van die ouer kan daar van die kinderjare af 'n religieuse ervaring loop met 'n godsbeeld wat ryk is aan intieme verhouding en wat vervolledig word ook deur wat skoon en edel is in die ouers. Hier is die godsdiens dus nie 'n stadium na die ouer as ideaal uitgedien het of as die persoon, volwasse, sy swakheid in die skepping begin besef nie.

Freud se konstruksie klop dus nie met die ervaring nie en op die punt van die eiesoortigheid van religieuse ondervinding maak hy geen voorsiening en kan ook nie. Dit wil sê, dat vir die juiste wetenskaplike behandeling van godsdienstige gegewens hy die eis van „meebeleving” nie na kom niê.

5. Freud se godsgedagte is 'n vader-surrogaat en daarom kragtens die faktore waaruit dit gebore is sonder die vereiste nucleus wat al die ander bestanddele van 'n adekwate godsbeeld moet dra en daaraan religieuse waarde moet gee, nl. dié deel wat aandui die spesifiek goddelike, die numineuse of die „gans andere.” Hiervoor maak hy geen voorsiening en kan ook nie, want die transendentale bestaan vir hom nie en ook kan kragtens sy empiries-deterministiese standpunt niks buitekant die psige-self sig laat gelde nie.

Hy maak veel van wat hy noem ambivalensie in verband met sy godsgedagte. „Die kentekens van hierdie ambivalensie is op alle godsdienste diep afgedruk.” Deur „ambivalensie” wil hy te kenne gee dat die beeld van God soos in die geval

van die vader 'n dubbele werking het, nl. dit trek aan (liefde) en dit stoot af (vrees). Die kind het die vader lief, terwyl hy hom tog ook vrees. Vrees omdat hy kompeteer in die liefde tot die moeder en hy het hom lief ook omdat hy sterk is en hom kan beskerm. Hierdie ambivalensie in verband met God egter maak geen God en skep ook geen godsdiens nie. *Primus in orbe deos fecit timor* is 'n goedkoop teorie. Vrees tog is negatief en verlam. Dit lei wel tot defensiewe maatreëls maar het geen konstruktiewe krag nie en kan geen ware godsdiens tot stand bring nie, alhoewel dit 'n vername element in die godsdiens en wel in die samegestelde vorm van ontsag en eerbied is. Ook liefde skep geen godsdiens nie, hoe groot en hoe sterk die mag wees en hoe groot en hoe sterk die vader-surrogaat ook mag wees.

Ambivalensie sonder „die gans andere” laat ons met 'n prentjie in die hemele, pragtig mooi met al die trekke van die vader en met nog veel meer daarby na die ontwikkeling van die digtende mens, maar dit bly 'n prentjie, sonder lewe en wat geen lewe kan wek nie. Dit het hom nooit getref nie dat die godsdiens, wat ook in sy mening soveel goeds tot stand gebring het in die verlede, nie 'n godsdiens kon wees met hierdie geprojekteerde prentjie as sentraal daaraan nie. Ook onbewus het dit hom ontsnap dat die gewone eenvoudige mens altyd sy Godsidee opgebou het om die „gans andere” as nucleus, en dat dit die krag van die godsdiens was.

Die rede vir sy eensydigheid is dat hy, soos reeds gesê, met sy psigo-analitiese konstruksie van die geloof in God nooit die invloed van die menselike psige in sy geheel laat geld nie. Dr. J. H. van der Hoop formuleer dit so, in sy kritiek oor Freud, in sy *Nieuwe Richtingen in de Zielkunde*: „Maar zijn tegenzin tegen het aanneem van totaliteitsinvloeden, deed hem hier veel te ver gaan. Vandaar dat hij en zijn volgelingen teneerste bij het vaststellen van oorzaken uit het verleden niet bij hun goed vastgestelde feiten blijven, maar in deze richting van het aannemen van eenvoudige oorzaken, dikwijls op zeer speculatieve, wijze, verder gaan; en dat zij ten tweede alle werkingen, die van het geheel der persoonlijkheid uitgaan, trachten te beschrijven, alsof zij door dergelijke eenvoudiger oorzaken verklaard konden worden.” (p. 117).

Dit is juis in hierdie „geheel van die persoonlikheid” waar die godsdiens in die mens sy oorsprong het. Nie in een of ander instink of kombinasie van instinkte nie of een of ander vermoë van die menslike gees maar in die persoonlikheid in sy geheel wat die orgaan van die godsdiens is. Obbink *De Godsdienst in Zijn Verschijningsvormen*, p. 33) spreek van „den menschelijken geest die het latente besef van een onzinnelijke werkelijkheid in zich draagt. Zoodra dit besef een aanknopingspunt vindt, wordt het werkzaam en ontstaat de gewaarwording van het „gansch andere.”

Ek herhaal: hierdie „gans andere” ontbreek aan Freud’s godsgedagte en daarom is sy beeld ’n illusie en kan dit nooit iets anders wees of word nie.

Ons kan ons besware teen Freud se konstruksie van die godsgedagte of vader-surrogaat so saamvat:

1. Freud is deterministies geskoold, gaan streng kousaal te werk volgens natuurwetenskaplike wyse, sluit die psige dus in binne ’n yster muur sodat niks daaruit kan kom wat nie eers daarin was nie. ’n Godsgedagte met ’n objektiewe geldigheid is dus onmoontlik volgens sy standpunt. Illusories moet so iets natuurlik wees.

2. Deur sy sug om alles tot één verklarende prinsiep te herlei kom hy in botsing met die bevinding van die godsdienspsigologie dat ’n godsdienstige verskynsel in die bewussyn, iets eiesoortigs is en nie deur analise tot gewone bekende elemente van die bewussyn kan herlei word. sonder om daardie iets eiendomliks te vernietig. Deur hierdie besondere karakter van die godsdiens te misken, het hy deur sy psigoanalitiese metode tot ’n resultaat gekom wat noodwendig nie ’n godsdienstige hoedanigheid kan hê nie.

3. Deur die oordrewe klem wat hy lê op die lusprinsiep het hy in sy konstruksie van die wording van die godsgedagte een van die belangrikste faktors sekondêr i.p.v. primêr gemaak, nl. die idealiserende drang in die ek-kern van die psige.

4. Belangrike faktore soos tradisie (wat veronderstel openbaring) en ook ervaring het hy heeltemal links laat lê.

5. Deur die werking van die psige as ’n geheel, bywyse van reaksie teenoor die bosinnelike nie te aanvaar nie en hy kan ook nie, moet sy godsgedagte noodsaaklikerwys mis die

nucleus van die „gans andere” *waarom alleen 'n ware godsbeeld opgebou kan word.*

Derhalwe besluit ons dat Freud's godsgedagte dubbel 'n illusie is en wel omdat (1) sy godsgedagte geen waarheidswaarde as godsbeeld het nie. Sy godsgedagte is in sy essensie geen godsbeeld nie. Dis 'n godsbeeld-surrogaat. Dis 'n skyn godsbeeld wat vir 'n ware godsbeeld aangesien word. (2) Sy godsgedagte het daarom nie en kan nooit hê 'n objektiewe werklikheid nie.

Ons besluit met hierdie verder konklusie: met die faktore waaroor hy beskik en die meganisme wat hy in werking stel sal hy nooit 'n ware godsbeeld kan skep nie. Daar is dus geen toekoms hoegenaamd vir sy illusie nie.